



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 12

TOETS

REKENINGKUNDE

MAART 2022

PUNTE: 120

TYD: 1 ½ uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye,
'n formuleblad en 'n 7-bladsy antwoordboek.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
6. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hier onder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.
- 9.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Staat van Komprehensiewe Inkomste	55	40
2	Aandelekapitaal en Kontantvloeistaat	25	20
3	Verhoudings, Ontleding en vertolking	20	15
4	Vaste bates	20	15
TOTAAL		120	90

VRAAG 1: STAAT VAN KOMPREENSIEWE INKOMSTE**(55 punte; 40 minute)****NGIDI BPK**

Jy word voorsien van die vooraansuiweringsproefbalans aan die einde van die finansiële jaar 28 Februarie 2022. Die besigheid verkoop handsakke aan die publiek.

GEVRA:

- 1.1 Stel die Staat van Komprehensiewe Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 op. (Sekere van die vooraansuiweringsbedrae is vir jou ingevul.) (49)
- 1.2 Stel die Behoue Inkomstenota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 op. (6)

INLIGTING:**Uittreksel vanaf die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2022**

	R
Gewone aandeelkapitaal	6 075 000
Behoue inkomste	725 900
Vaste deposito: NBB Bank	635 000
SAID – Inkomstebelasting (Dt.)	62 000
Handelsvoorraad	414 200
Debiteurekontrole	96 200
Voorsiening vir oninbare skuld	18 900
Verbandlening: Short Bank	?
Krediteurekontrole	275 000
Verkope	3 900 000
Debiteure-afslag	44 200
Koste van verkope	2 600 000
Oninbare skuld	39 600
Ouditfooie	66 000
Direkteursfooie	562 400
Salaris en lone	132 500
Werkgewersbydrae	33 600
Bankkoste	14 900
Advertensies	24 460
Diverse uitgawes	141 075
Huur inkomstes	156 368
Rente op Vaste deposito: NBB Bank (balanserende bedrag)	?
Tussentydse dividend betaal gedurende die jaar	123 300

Aansuiwerings en addisionele inligting.

- A** 'n Kredietnota aan 'n debiteur J. Jamanzi uitgereik vir goedere ter waarde van R18 600 teruggestuur, is nie in die boeke aangeteken nie. Die wins-opslag is 50% op kosprys.
- B** 'n Debiteur, W. Wolhuter, is insolvent verklaar. Ontvang en boekstaaf R13 200 as 60 sent in die rand op 28 Februarie 2022. Skryf die res af as oninbaar.

- C** Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R18 500 aangesuiwer word.
- D** Die onderneming is 'n verdere R22 000 verskuldig aan die ouditeure vir voltooiing van die audit.
- E** Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooi betaal word. Een direkteur is twee maande vooruitbetaal.
- F** Bankkoste van R1 100 vir Februarie 2022 se bankstaat is nie in die boeke geboekstaaf nie.
- G** Advertensies bestaan uit 'n maandelikse kontrak met die plaaslike koerant vir die hele jaar. Advertensies is slegs vir 11 maande betaal. Vanaf 1 Desember 2021 is die kontrak bedrag met R420 per maand verminder.
- H** Een van die werkers is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2022 uitgelaat. Die besonderhede is as volg:

Bruto salaris	R ?
Totale aftrekkings	R ?
LBS aftrekking	(2 231)
Pensioenfondsaftrekkings	(R ?)
WVF	(97)
Netto salaris	R ?

Die werkgewersbydrae beloop:

Pensioenfonds	8% van bruto salaris
WVF	1% van bruto salaris

- I** 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2022 gedoen, toon dat 205 handsakke teen R2 000 per handsak voorhande is.
- J** Op 1 Desember 2021 het die huur met 12% verhoog. Die huur vir Maart 2022 is reeds ontvang.
- K** Waardevermindering op toerusting beloop R96 000 vir die jaar.
- L** Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat ontvang vanaf Short Bank op 28 Februarie 2022 toon die volgende:

Saldo op 1 Maart 2021	R480 000
Rente gehef	?
Maandelikse betalings is R12 000	?
Saldo op 28 Februarie 2022	370 000

- M** Inkomstebelasting beloop 29% van die netto wins voor belasting.
- L** Die onderneming koop 75 000 aandele op 15 Februarie 2022 terug teen R1,50 meer as die gemiddelde prys.
- N** 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2022 verklaar.

VRAAG 2: AANDELEKAPITAAL EN KONTANTVLOEISTAAT (25 punte; 20 minute)

Die inligting hou verband met Kruger Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

GEVRA:

- 2.1 Stel die Gewone Aandelekapitaalnota op 28 Februarie 2022 op. (6)
- 2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. Sekere bedrae is in die ANTWOORDBOEK voorsien. (19)

INLIGTING:**A. Aandele en dividende:**

DATUM	BESONDERHEDE VAN AANDELE
1 Maart 2021	900 000 reeds uitgereik
30 Julie 2021	100 000 nuwe aandele uitgereik
1 Januarie 2022	40 000 aandele teruggekoop teen 80 sent meer as die gemiddelde prys
28 Februarie 2022	? aandele uitgereik

- Interim dividende van R192 000 is op 30 September 2021 betaal.
- Finale dividende is op 28 Februarie 2022 verklaar.

B. Uittreksel uit die Staat van Komprehensiewe Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:

Verkope	R8 600 000
Koste van verkope	6 400 000
Netto wins voor belasting	1 375 000
Inkomstebelasting	430 000
Netto wins na belasting	945 500

C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op:

	28 Febr. 2022 R	28 Febr. 2021 R
Kleinkas en wisselgeld	101 100	2 800
Gewone aandeelhoudersbelang	8 920 000	7 280 000
Gewone aandelekapitaal	8 640 000	7 200 000
Behoue inkomste	280 000	80 000
Lening: Bright Bank	2 550 000	1 900 000
SAID: Inkomstebelasting	47 200 Kt.	22 800 Dt.
Aandeelhouders vir dividende	202 000	133 500
Oortrokke bank	0	45 200

VRAAG 3: VERHOUDINGS, ONTLEDING EN VERTOLKING (20 punte; 15 minute)**LILLY BEPERK**

- 3.1** Inligting vanaf die boeke van Lilly Bpk. vir die finansiële jaar wat op 30 Junie 2021 eindig, word voorsien. Die maatskappy is op die aandelebeurs gelys met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele.

GEVRA:

- 3.1.1 Bereken die volgende: (Toon berekening tot die eerste desimale punt.)

Persentasie bedryfswins op verkope	(2)
Netto batewaarde per aandeel	(3)
Skuld-ekwiteitverhouding	(3)

- 3.1.2 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers met bedrae aan in jou verduideliking. (7)

- 3.1.3 Sekere aandeelhouers voel dat die maatskappy te veel van die lening terugbetaal het. Wat sal jy vir hulle sê? Verwys na TWEE finansiële aanwysers met bedrae om jou mening te motiveer. (5)

INLIGTING:

- A. **Uittreksel uit inligting vanaf die Staat van Komprehensiewe Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2021:**

Verkope	14 625 000
Koste van verkope	9 745 000
Bedryfswins	3 250 000

- B. **Uittreksel uit bedrae vanaf die Staat van Finansiële posisie (Balansstaat) en Notas:**

	30 JUNIE 2021	30 JUNIE 2020
Niebedryfslaste	3 840 000	6 400 000
Bedryfsbates voorraad ingesluit	2 800 000	1 800 000
Voorraad	1 840 000	600 000
Bedryfslaste	1 200 000	900 000
Aandeelhouersbelang	9 600 000	7 800 000
Gewone aandelekapitaal	?	7 450 000
Behoue inkomste	?	350 000

- 1 200 000 aandele is reeds op 30 Junie 2021 uitgereik.

C. Die volgende finansiële aanwysers is bereken:

	30 JUNIE 2021	30 JUNIE 2020
Bedryfsverhouding	2,3 : 1	2,0 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	1,3 : 1
Bedryfswins op verkope	?	29%
Gemiddelde debiteure invorderingstermyn	32 dae	43 dae
Gemiddelde krediteure betalingstermyn	52 dae	68 dae
Skuld/ekwiteit	?	0,8 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	23%	17%
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	17,5%	15,8%
Nettobatewaarde per aandeel	?	750 sent
Rentekoers op lenings	11%	11%

20

VRAAG 4: VASTE BATES**(20 punte; 15 minute)****JIMMIES KLERE BPK.**

Die volgende inligting hou verband met die vaste/tasbare bates vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2022.

GEVRA:

- 4.1 Lys TWEE punte van goeie interne kontrole oor beweegbare vaste bates. (2)
- 4.2 **Verwys na Inligting A en B.**
Bereken die koste van grond en geboue op 30 November 2021 aangekoop. (2)
- 4.3 **Verwys na Inligting A en C.**
Bereken die waardevermindering op die voertuig vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022. (3)
- 4.4 **Verwys na inligting A en D.**
Die besigheid skryf waardevermindering op toerusting teen 25% p.j. op verminderdesaldo-metode af. Op 1 November 2021 besluit hulle om 'n fotostaatmasjien in te ruil vir 'n nuwe model.
 - Bereken die verlies met die fotostaatmasjien wat op 30 November 2021 ingeruil is. (6)
 - Bereken die waardevermindering op die nuwe fotostaatmasjien. (2)
 - Bereken die waardevermindering op die oorblywende ou toerusting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. (5)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die proefbalans op 28 Februarie:**

	2022 R	2021 R
Balansstaat rekeninge afdeling		
Grond en geboue	6 745 000	5 650 000
Voertuig	625 000	625 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuig	?	600 000
Toerusting	2 110 000	1 900 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	1 250 000

B. Grond en geboue:

Fast Bouers verskaf 'n faktuur op 30 November 2021 na voltooiing van die nuwe stoorkamer. Die volle faktuurbedrag is betaal en gedebiteer na grond en geboue. Herstelwerk aan die ou stoorkamer beloop R125 000 en is by die faktuur ingesluit. Dit is nie gekorrigeer nie.

C. Voertuie:

Die maatskappy het slegs een voertuig. Die waardeverminderingskoers beloop 20% p.j. op kosprys.

D. Toerusting:

Die waardevermindering skoers is 25% p.j. op die verminderdesaldo-metode.

'n Fotostaatmasjien is op 1 November 2021 vir R114 000 op 'n beter model ingeruil. Die kosprys van die nuwe model wat op 1 November 2021 afgelewer is, beloop R450 000. Die vatebateregister toon die volgende:

Vastebate register:

Kategorie:	Fotostaatmasjien	
Model:	Fast XXL	
Aankoopdatums:	1 Maart 2020	
Kosprys:	R240 000	
Waardevermindering-skoers	25% op die verminderdesaldo-metode	
Datum	Waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 2021	R60 000	R180 000
1 November 2021	?	?

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	